English version below - with more photos. *08/2018*

DE VETTE MOSSEL STRAND SEEKOSRESTAURANT @ GROOTBRAKRIVIER

ALGEMENE VRAE EN ANTWOORDE VIR TROUES EN –ONTHALE TE DE VETTE MOSSEL STRAND-SEEKOSRESTAURANT

Baie dankie vir u belangstelling.

Ons glo dat De Vette Mossel @ Grootbrak met sy besonderse ligging, voortreflike menu, eiesoortige karakter en manier van doen, waarskynlik die mees besonderse strandtrou-venue in Suid-Afrika is. Wees ook verseker van ons entoesiasme om jul troue werklik iets besonders, onvergeetlik en uniek te maak.
Anders as die meeste trou-venues wat volgens ons mening troupaartjies met astronomiese hoë pryse uitbuit, glo ons in onverbeterbare waarde vir geld - vergelyk gerus self. Ook anders as baie "Strand-trou venues", maar wat in werklikheid kilometers van die see self is, is ons letterlik OP 'n afgeleë en ongeskonde strand. Was ons nader – sou julle natgespat het!

Besoek gerus eers ons webblad by www.devettemossel.co.za vir die "look and feel" en basiese inligting. As u enigiets anders verlang as dit wat De Vette Mossel bied, kontak gerus vir **Nikki** by devettemossel@gmail.com of 079 339 0170. Sy is die huweliksbeplanner wat ook ons besprekings en reëlings vir huwelike en onthale hanteer en weet presies wat moontlik is en wat nie.

1. **HOEVEEL KOS DIE BUFFET PER PERSOON?**
   Dieselfde as vir normale gaste aan De Vette Mossel.

   Indien jou troudag voor einde November 2018 is, is dit R270 per persoon, R200 vir hoërskoolkinders, R120 per laerskoolkind, R50 vir 4-6 jariges en onder 4 jaar is gratis.
   Kreef is R150-R250 (afhangende van die grootte- 250g-500g) per heel kreef en R220 vir 600g heel garnale addisioneel.

   Indien jou troudag van Desember 2018 tot einde November 2019 is, is dit R295 per persoon, R220 vir hoërskoolkinders, R140 per laerskoolkind, R70 vir 4-6 jariges en 3 jaar en onder is gratis.
   Kreef is R170-R270 (afhangende van die grootte- 250g-500g) per heel kreef en R240 vir 600g heel garnale addisioneel.

   Met troues en funksies is daar egter 'n addisionele 20% hantering/skakelingsfooi, omrede ons veel meer uitgawes het met troues as wanneer ons normaal opereer.
   NS. Sien ook onder "VENUE-HUUR" hieronder (Nr.2).

2. **VENUE HUUR: EKSKLUSIEWE GEBRUIK**
   Tans tot einde November 2018:
   R 19 500.00 vir die eksklusiewe gebruik van die restaurant
   R 24 500.00 vir die eksklusiewe gebruik van 1 Desember tot 10 Januarie
   Desember 2018- einde November 2019:
   R 21 500.00 vir die eksklusiewe gebruik van die restaurant
   R 26 000.00 vir die eksklusiewe gebruik van 1 Desember tot 10 Januarie

   Daarna sal die jaarlikse aanpassing van pryse en kostes nagenoeg 8% wees.

3. **AFSLAG OP VENUE GEBRUIK** (alleenlik op venue-huur)
   - **50% -** van 1 Mei tot 31 Augustus
   - **50% -** enige weeksdag (Maandag – Donderdag, amptelike vakansiedae uitgesluit) op bedrag na vorige afslag, dus in effek **75% afslag** indien troue ook in die tydperk 1 Mei tot 31 Augustus val.
   - Afslag is van toepassing op beide die eksklusiewe sowel as nie-eksklusiewe gebruik van die restaurant.

   LET WEL: Geen afslag vanaf 1 Desember tot 10 Januarie nie. Geen troues van 16 Desember tot en met 6 Januarie nie.

4. **VENUE HUUR: NIE-EKSKLUSIEWE GEBRUIK VAN DIE RESTAURANT**
   Dit beteken dat gewone gaste ook die aand saam eet. Julle het egter die eksklusiewe gebruik van die hele restaurant tot wanneer gewone gaste arriveer, wat 6nm in die aand en 11.45vm vir 'n middagsessie is. Geen afkondigings of toesprake sal daarna deur julle gemaak mag word nie en ons speel die musiek. Julle sal eers julle musiek mag speel en die dansbaan gebruik van na 9nm. Die deel van die restaurant waar julle sit word egter afgebaken met 'n net en julle het wel die eksklusiewe gebruik van julle deel.

   Venue-huur is tot einde November 2018 **R 3 500.00,** terwyl dieselfde afslae (met betrekking tot die tyd van die week/jaar) as hierbo by nr.3 ook van toepassing is op hierdie bedrag.
   Van Desember 2018 tot einde November 2019 sal dit **R 4 000.00 wees**, en daarna 'n jaarlikse eskalasie van nagenoeg 8%.

   Hoewel julle gaste dan individueel drank met eie glase en ys mag inbring, mag geen drank, water

of koeldrank **in grootmaat** of gesamentlik deur die bruidspaar verskaf word nie. Nie net is dit teen ons beleid nie, maar dit plaas ook ons dranklisensie op risiko.
(Let daarop dat die beskrywing van "Venue Huur" (soos hieronder by nr.5 uitgespel), se gebruik van die woord "eksklusiewe" wegval indien die nie-eksklusiewe gebruik van die restaurant gehuur word.)

5. **VENUE HUUR SLUIT IN:**
   - Eksklusiewe gebruik van restaurant met tafels/bankies/stoele;
   - Klank- en musiekstelsel in die Restaurant;
   - Eksklusiewe gebruik van dansbaan en Cocktail kroeggedeelte en Tuin van Eden;
   - Voltydse De Vette Mossel skakelpersoon op die terrein – ook met regmaak vir troue;
   - Eksklusiewe gebruik van volledige kontant kroeg (sien nr. 17);
   - Twee terrein-besoeke met De Vette Mossel se “wedding planner”; en
   - Skoonmaak van restaurant. (Gehuurde goedere moet egter deur die bruidspaar verwyder word voor 09:00 die volgende oggend)

6. **UITGESLUIT VAN VENUE-HUUR**
   Kos – is nie ingesluit by die Venue-huur nie. (Sien nr. 1)
   LET WEL: Ons doen ongelukkig nie troues onder 50 gaste nie. Indien jul minder is, moet jul nog steeds vir 50 gaste betaal. Let daarop dat ander personeel van julle, soos die DJ, fotograwe, ensovoorts, tel ook as gaste en moet ingesluit word by die hoeveelheid gaste.

7. **EN ‘N DEPOSITO?**
   Jou bespreking word bevestig met **ontvangs deur ons** van ‘n 50% deposito. ‘n Verdere deposito van 30% word verlang nie later as 2 maande voor die troudatum nie en die laaste 20% deposito, plus die **R4 500.00** breekskade-deposito, nie later dan 1 week voor die troudatum nie. Moontlike terugbetaling van deposito's, en finale berekening, sal nie meer as 1 week na die troudatum geskied nie.

   Ons wil met bespreking ‘n aanduiding van die aantal gaste hê, maar die werklike getalle (waarvolgens julle betaal) sewe dae voor die aanvang van die funksie. Lig ons egter intussen in sou julle getalle dramaties styg of daal. Sou julle kanselleer of die datum verskuif, verbeur julle uiteraard die deposito omrede die venue vir daardie datum uit die mark gehaal is vir moontlike ander besprekings. Ons wil egter nie geld maak uit ander se ongeluk of omstandighede nie. Daarom betaal ons jou deposito, minus moontlike uitgawes dan reeds aangegaan asook ‘n 15% hanteringsfooi, aan jou terug sou ons ‘n troue van dieselfde of meer gaste, of pro rata daarvan, weer boek vir julle troudatum.

8. **HOEVEEL MENSE KAN DIE RESTAURANT SIT?**
   In Desember en tot en met 10 Januarie sit die restaurant 550 gaste, hoewel ons gewoonlik ‘n maksimum van sowat 500 sit omdat al die tafels weens groepdinamika nie altyd vol is nie. Vir die res van die jaar sit die restaurant ‘n maksimum van 300 gaste, maar dit kan vergroot, of verklein word.

9. **KAN EK NET DIE VENUE HUUR EN SELF KOSMAAK?**
   Ongelukkig nie.

10. **KAN ONS 'N ANDER MENU VOORSTEL SOOS 'N SKAAPBRAAI?**
    Ongelukkig nie. Ons is nie spyseniers nie en waak jaloers oor die ervaring wat De Vette Mossel langs die see bied met 'n groot verskeidenheid seekosdisse in oorvloed. Ons is immers welbekend vir ons seekos. Ons "aankondigings" bly ook ononderhandelbaar deel van die ervaring – selfs al word die restaurant eksklusief gebruik. Ons bied 'n ervaring aan – nie net 'n venue en kos nie.

11. **IS DAAR 'N DANSBAAN? EN MUSIEK?**
    Ons dansbaan bestaan uit 'n verhoogde onderdak gedeelte van 'n sementvloer van nagenoeg 6m x 10m. Gebruik van die dansbaan is ingesluit by die Venue-huur. Julle is welkom om ook julle eie dansbaan op te rig binne die restaurant op die sand.
    De Vette Mossel beskik oor 'n uiters kragtige luidspreker/musiekstelsel wat normaalweg gebruik word vir agtergrond musiek en om aankondigings te maak. Met aankondigings/toesprake is 'n koordlose mikrofoon beskikbaar. Met danse kan die luidsprekers so gedraai word dat musiek op die dansbaan oorverdowend kan wees, maar dat mense in die res van die restaurant nog steeds kan gesels. Heel CD's moet gespeel word, en nie slegs enkele snitte uit CD's nie. Ons wil ten sterkste aanraai dat julle self 'n aantal CD's of 'n iPod of skootrekenaar met lekker musiek skryf en ons speel dit graag vir julle. Die klank en musiekstelsel is ingesluit by die Venue-huur.
    Ons het nie Eskom-krag op die perseel nie, en maak van kragopwekkers gebruik. Sou u 'n orkes wil gebruik, sal julle jul eie kragopwekker moet inhuur.

12. **MAG ONS DIE RESTAURANT VERFRAAI?**
    Julle is meer as welkom. Let egter asseblief daarop dat sou ons 'n middag-eetsessie op daardie dag hê, dit kan gebeur, hoewel onwaarskynlik, dat julle eers teen 3.30nm daarmee sal kan begin. Praat gerus met Nikki hieroor en ook vir voorstelle. Ons het ook kontakte met diensverskaffers vir die huur van ander benodigdhede. Waar ons sulke ander benodigdhede teen ons koste en tyd self moet gaan haal, was en terugneem, is 'n 10% hanteringsfooi hierop van toepassing.
    NB. Na ons mening en ervaring, en weens die uitsig en dekor van die restaurant, werk te veel versierings nie. Dit vernietig die eiesoortige karakter van die restaurant. Stringe vuurhoutjiekopliggies, lappe en stringe skulpe werk uitstekend. Vermy groot blommeruikers op elke tafel – die ruimte op die tafels is beperk. Hier is dit beslis 'n geval van "minder is meer".

13. **WAT VAN MENSE WAT NIE SEEKOS EET NIE?**

Let daarop dat 8 van die 16 disse is nie seekos nie. Slegs waar mense allergies is vir ALLE seekos, maak ons wel ‘n uitsondering en maak een addisionele dis spesiaal net vir hulle @ ‘n addisionele fooi van R50.00pp. As iemand allergies is vir byvoorbeeld mossels, verval hierdie toegewing omdat daar nog steeds meer as 15 ander disse op ons menu is waarvan hy/sy kan eet. Let wel, hierdie reëling geld nie vir mense wat "nie vis eet nie". Ons bly immers primêr ‘n seekosrestaurant.

14. **KAN JULLE IETS ANDERS BYKOMEND VOORSTEL WAT DIE GELEENTHEID NOG MEER BESONDERS KAN MAAK?**

U kan daarvan oortuig wees dat dit wat ons aanbied werklik besonders en ‘anders’ is, wat die geleentheid onvergeetlik sal maak. Aangesien dit ‘n strand-troue en ‘n strand seekosrestaurant is, kan julle dit verder uitbrei deur byvoorbeeld die gaste sowat 100m teen die strand te laat afloop na die gazebo waar julle in die eg verbind sal word. Die bruid maak haar verskyning dan van die trappe na die strand waar die seremonie sal plaasvind.

Ons kan ook sorg, teen addisionele koste, vir byvoorbeeld vonkelwyn, wilde oesters (Wat skuins voor die restaurant uit die see gehaal word!) en aarbeie net na die seremonie op die strand self, ens.

Druk jou eie stempel af en gee jou verbeelding, fantasië en kreatiwiteit vlerke! Praat gerus met Nikki wat anders julle graag sou wou hê of doen.

15. **TOT HOE LAAT KAN ONS FEESVIER?**

Normaalweg en ingesluit by die venue-huur mag niemand na middernag nog op die perseel wees nie. U kan egter reël om later te bly. Na middernag word R1 000.00 van die breekskade-deposito van R4 500.00 afgetrek, na 1 nm ‘n verdere R1 500.00 en na 2 nm ‘n verdere R2 000.00. (Let daarop dat dit nie pro rata bereken op watter persentasie van die spesifieke uur julle vertrek nie – in effek beteken dit dat bogenoemde betalings van toepassing word die oomblik dat die volgende uur aanbreek. Ons verwag egter dat alle gaste teen 2nm van die perseel is) Let daarop dat of daar vooraf gereël is of nie, die tye hierbo eerbiedig moet word.

NB. Daar word verwag dat paartjies ‘n verantwoordelike persoon aanstel om tot laaste te bly sodat geen dispuut oor hoe laat gaste vertrek het, kan wees nie, asook om gaste se goeie gedrag te verseker! As ons gaste herhaaldelik moet vra om te loop, laat dit net ‘n slegte smaak in die mond. Ons neem egter nie daarvoor verantwoordelikheid dat alle gaste teen die vooraf vasgestelde tyd van die perseel af is nie – daardie verantwoordelikheid rus by julle. Niemand wil tog R4 500.00 betaal oor enkele gaste se deurnag-kapperjolle nie.

16. WAT VAN SLEGTE WEER?

Let daarop dat Mosselbaai, met minstens 300 sonskyndae per jaar, formeel die tweede beste weer ter wêreld het. Moet glad nie George se weer met dit by ons vergelyk nie. George is nat en koud. Van die afgelope meer as 400 funksies wat ons hier gehou het, moes slegs twee weens stormweer gekanselleer word. Die restaurant is so ontwerp dat funksies sonder ongerief gehou kan word ook in geval van ligte reën en sterk wind. Alle gaste sit onder dak en die hele restaurant kan binne minute reg rondom aan die kante toegemaak word. Hoe dit ook al sy, ons sal nooit kanselleer nie – die besluit berus by julle. In geval van slegte weer, en sou julle op die strand self wou trou, kan die seremonie maklik na binne die restaurant verskuif word.

17. WAT VAN DRANK EN KOELDRANKE?

Ons het 'n goed-toegeruste kontant kroeg en geen drank, water of koeldrank mag vir die troue op die perseel gebring word indien die venue eksklusief gehuur word nie. ‘n Kurkfooi van R20 per bottel sal gevra word op wyn en sjampanje wat ingebring word vir troues en funksies, en R5 per water/koeldrankbotteltjie. Die kroeg is volledig toegerus, ook met “Cocktails en Shooters”. As daar spesifieke voorkeure van drank is, lig ons asb diensooreenkomstig minstens een week voor die troudatum daaroor in. U kan ‘n “tab” by die kroeg hou, of die reëling tref dat die gaste byvoorbeeld self betaal vir ander drank dan wyn en bier. Die “tab” moet dieselfde aand betaal word. Geen individuele “tabs” sal ongelukkig gehou kan word nie.
Ons kroegpryse is baie billik, en is onderhewig aan gebruiklike verhogings.
Ons het ook krediet/debiet fasilitiete by die kroeg.

18. KAN ONS DIE SEREMONIE OOK BY DE VETTE MOSSEL HOU?

Enige tyd. Ons het drie plekke waar u die seremonie kan hou:

1. SEREMONIE OP DIE STRAND SELF:

(Daar is houttrappe van die restaurant tot op die strand)

Gazebo met wit voile oor die gazebo
Skulpversierings
Bamboes preekstoel
Bankies
Registrasietafel met 2 stoele
Klank- en musiekstelsel op strand
Bo-dek met geelhout kroeg **R 5 000.00**

*(Tot einde November 2018. Desember 2018- November 2019 is dit **R 5 500.00,** waarna 'n jaarlikse 8% eskalasie)*

2. OP ONS "OPPIE DUIN" BO-DEK TROU-VENUE
(Verruklike uitsig. Met trappe na die strand)

Permanente Gazebo en geelhout kroeg
Bamboes preekstoel
Bankies of plastiekstoele
Klank- en musiekstelsel vir "Oppie Duin"
Registrasietafel en 2 stoele **R 2 200.00**

*(Tot einde November 2018. Desember 2018- November 2019 is dit **R 2 500.00,** waarna 'n jaarlikse 8% eskalasie)*

3. BINNE DIE RESTAURANT
Dis ons plan B as die weer glad nie saamspeel nie – uit meer as 200 troues het dit nog net een keer gebeur.

19. KAN JULLE ONS HELP MET VERBLYF, VERSKAFFERS, ENS?

De Vette Mossel het 'n spesiale en eksklusiewe afslag vir ons trougaste by enkele uitgesoekte akkommodasie-vennote beding. Skakel gerus vir Nikki vir verdere inligting.
Ons het ook 'n lys van aan te bevole verskaffers oor 'n wye veld– van bloemiste, violiste, "wedding planners", funksie-bestuurders, dekor en diensverskaffers, ens.
Ons het hierdie verskaffers uitgesoek en gekeur omdat ons glo hulle lewer uitstekende en bekostigbare diens. Ons neem egter geen verantwoordelikheid vir hulle nie.

LET WEL: ALLE PRYSE EN KOSTES IS ONDERHEWIG AAN ONS GEBRUIKLIKSE JAARLIKSE VERHOGING-GEWOONLIK OP 1 DESEMBER, EN IS VAN TOEPASSING OP DIE DAG WAAROP DIE TROUE PLAASVIND.

ENGLISH VERSION – AND MORE PHOTOS - BELOW

DE VETTE MOSSEL BEACH SEAFOOD RESTAURANT @ GROOTBRAKRIVIER

GENERAL QUESTIONS AND ANSWERS REGARDING WEDDING CEREMONIES AND RECEPTIONS AT DE VETTE MOSSEL BEACH SEAFOOD RESTAURANT

Thank you for your enquiry.

We believe that De Vette Mossel, with its exceptional location, outstanding menu, unique character and way of doing things, is probably the most extraordinary beach wedding venue in South Africa. Also, be certain of our enthusiasm to ensure that your wedding is truly special and unforgettable.
Unlike most wedding venues which "rob" wedding couples with exuberant costs, we believe in true value for money – please do your own comparisons. Also, unlike many other "Beach wedding venues", that are in fact kilometers from the sea; we are situated literally ON a pristine and isolated beach. Were we any closer – you would have gotten wet!

Please visit our website www.devettemossel.co.za for the "look and feel" and basic information. For anything else, please contact **Nikki** at devettemossel@gmail.com or 079 339 0170. She is our wedding planner and is responsible for bookings and arrangements regarding functions and weddings. She knows what is possible and what not.

1. **THE COST OF THE BUFFET PER PERSON**

The same as for normal guests of De Vette Mossel.

If your wedding day is before the end of November 2018, it is R270 per person, R200 per high school pupil, R120 per primary school, R50 for 4-6 year olds and under 4 year olds are free.
In addition, Rock Lobster is charged per person at R150-R250 (depending on the size- 250g-500g) per whole lobster and R220 for 600g of whole prawns.

If your wedding day is between December 2018 and the end of November 2019, it is R295 per person, R220 per high school pupil, R140 per primary school, R70 for 4-6 year olds and under 4 year olds are free.
In addition, Rock Lobster is charged per person at R170-R270 (depending on the size- 250g-500g) per whole lobster and R240 for 600g of whole prawns.

For weddings and functions a 20% handling/liaison fee is applicable.
*Please see "VENUE-HIRE" at no. 2.

2. **VENUE-HIRE: EXCLUSIVE USE OF THE RESTAURANT**

Currently until the end of November 2018:

R19 500.00 for the exclusive use of the restaurant.
R24 500.00 for the exclusive use from 1 December to 10 January.

December 2018 - end of November 2019:

R 21 500.00 for the exclusive use of the restaurant
R 26 000.00 for the exclusive use of the restaurant between 1 December and 10 January

Thereafter a yearly increase of 8% shall be applicable.

3. **DISCOUNT ON VENUE HIRE (ON VENUE-HIRE ONLY)**

- **50%** - from 1 May to 31 August
- **50%** - any weekday (Monday – Thursday, official holidays excluded) on the amount after above-mentioned discount, if applicable, thus in effect a discount of **75%** if the wedding is both on any weekday AND from 1 May to 31 August.
- Discount is applicable for both the exclusive and non-exclusive use of the restaurant.
  PLEASE NOTE: No discount from December to 10 January, and NO weddings from 16 December to 6 January.

4. **VENUE HIRE: NON-EXCLUSIVE USE OF THE RESTAURANT**

This will mean that normal restaurant guests will also use the restaurant. However, you will have the exclusive use of the restaurant until the normal guests arrive at 18:00 for a dinner session and 11:45 for a lunch session. Please note that after this cut-off times NO electronic speeches or announcements are allowed, and we play our selection of music. At 21:00 you may start playing your music and use the dance floor. Furthermore, you will have the exclusive use of your section of the restaurant and it will be divided from the rest of the restaurant with fishing netting.

Until the end of November 2018, the applicable VENUE-HIRE will be **R3 500.00**.
From December 2018 until the end of November 2019, the applicable VENUE-HIRE will be **R4 000.00**, where after a yearly escalation of 8% shall be applicable.
The same discounts as above at no.3 (relating to the day of the week/time of the year) are applicable.

Although your guests may bring in their own drinks, glasses and ice, NO organized and **on large scale** liquor, water and cool drinks may be brought into the restaurant. This is not only against

our policy, but will also place our liquor license at risk.
Please note, that the word and meaning “exclusive” listed under "Venue Hire Includes" in number 5 below, is not applicable for this option of "non-exclusive venue hire" .

5. **VENUE HIRE INCLUDES:**
   - Exclusive use of restaurant with tables/chairs/benches;
   - Sound and music system in Restaurant;
   - Exclusive use of dance floor and Cocktail Bar area with Garden of Eden;
   - Fulltime De Vette Mossel liaison person on site – also for decor etc.;
   - Exclusive use of our well-stocked cash bar;
   - Two on site meetings with the De Vette Mossel “wedding planner”; and
   - Cleaning of the venue (Rented goods must however be removed by the bridal couple before 09:00 the next morning).

6. **EXCLUDED FROM VENUE HIRE:**
   Food. (See no. 1)
   Please note: **We don't do weddings for fewer than 50 guests.** If you are fewer than 50, you still have to pay for 50 guests. Please note that any other of your staff, such as DJ, photographers, etc., must also be counted as guests and paid for accordingly.

7. **AND A DEPOSIT?**
   Your booking of the venue will be confirmed only when we have received a 50% deposit. A further deposit of 30% must be made no later than 2 months prior to the wedding date and the last 20%, and the **R4 500.00** breakage deposit, no later than one week prior to the wedding date. Possible refunding of the breakage deposit and final recon will happen no more than a week after the wedding.
   We require an estimate of your number of guests when you book and the final amount (which you will have to pay for) no later than 7 days prior to the wedding. However, should your estimated number of guests change drastically in the meantime, please let us know.

   Please note, that should you cancel the wedding, or change the date, you will naturally forfeit your deposit, due to the fact that the venue/date was effectively removed from the market for other bookings, for the period it was reserved for you. However, we regard it immoral to benefit from other’s bad luck or circumstances and we will repay your deposit, minus expenses, as well as a 20% handling fee, once we have secured another wedding of at least the same size for the same date, or pro rata should such a wedding be smaller.

8. **HOW MANY GUESTS CAN THE RESTAURANT SEAT?**
   In December and up to 10 January the restaurant can seat 550 guests, although we normally seat a maximum of 500 guests, due to group dynamics. For the rest of the year we seat a maximum of 300 guests, but it can be enlarged, or made smaller.

9. **MAY WE HIRE THE VENUE AND GET OUR OWN CATERERS?**
   Unfortunately not.

10. **CAN WE SUGGEST ANOTHER MENU SUCH AS A LAMB ON THE SPIT?**
    Unfortunately not. We are not caterers and are serious about protecting the exceptional experience that De Vette Mossel offers. Our announcements of how to approach the dinner/lunch always stay part of the package - even when the restaurant is used exclusively.
    We offer an experience – not merely a venue and food.

11. **DOES THE RESTAURANT HAVE A DANCE FLOOR AND MUSIC?**
    Our dance floor consists of a raised and covered cement platform of about 6m x 10m. The use thereof is included in the venue hire. You are welcome to set up your own dance floor on the sand inside the restaurant.

    De Vette Mossel possesses a powerful music/public address system which is normally used for background music and announcements – (only for our use, except if the restaurant is hired exclusively.) A cordless microphone is available for electronic announcements. When you want to dance, the speakers are moved in such a manner that the music can be louder on the dance floor whilst guests sitting at tables are still able to converse comfortably. We will gladly play your music as long it is on full CDs and not single tracks of different CDs. It is strongly advised that you write your own CDs, or bring your own iPod or Laptop and we will gladly play it for you.
    We do not have Eskom-power and make use of generators. Should you want to use a live band or a DJ with lights etc, you will have to hire your own generator.

12. **MAY WE DECORATE OUR PART OF THE RESTAURANT?**
    You are more than welcome. Please note that should we also have a lunch session on the same day, it might happen, although unlikely, that you will only be able to start decorating at 15:30. Please discuss your requirements with Nikki. We have contacts with other service providers for rental of other required products. As we have to collect, clean and return such other articles such as glasses at our cost, a 10% handling fee on these articles will be applicable.

    We believe that the view and the unique décor/character of the restaurant lends itself to rather less than more decorations – e.g. large flower arrangements simply do not work. “Less is more” is applicable here. And much more affordable.



13. **WHAT ABOUT GUESTS THAT DO NOT EAT SEAFOOD?**

Please note that 8 of the 16 dishes are not seafood. Only when guests are in total allergic to ALL seafood, we are prepared to prepare one additional dish for those guests only at an additional fee of R50.00pp. Should somebody be allergic to only e.g. mussels, this will not apply as there are more than 15 other dishes he/she will be able to eat. This does not apply to guests that "do not like/eat fish". After all, we are primarily a seafood restaurant.

14. **CAN YOU SUGGEST ANYTHING ELSE THAT WILL MAKE THE EXPERIENCE MORE MEMORABLE?**

Please be assured that what we offer will be exceptional and out of the ordinary which will make the experience unforgettable. As it is a beach wedding - you could enhance that experience by walking some 100 meters along this pristine beach to the gazebo for the ceremony. At an additional fee we can also organise for Cap Classique, wild oysters (which are harvested from the sea along the same beach!) and strawberries to be enjoyed on the beach just after the ceremony. Feel free to give your imagination, fantasies and creativity wings! Talk to Nikki regarding anything else you may need or want to do.

15. **UNTILL WHEN MAY WE CELEBRATE?**

Normally and included in the venue-hire you have to be off the premises at midnight. You can organize to stay later, but only till strictly 2am. After midnight a fee of R1 000.00 will be subtracted from the breakage deposit of R4 500.00, after 1am a further R1 500.00 will be subtracted and after 2am a further R2 000.00, if any guests are still there. Please note that whether it was organized or not, the subtractions will apply. We are not responsible to see that your guests leave on time. We strongly suggest that you appoint a responsible person that stays till the end to ensure that your guests leave on time and that they behave themselves. We are sure that you do not want to pay R4 500.00 for a few guests' fun until the early morning.

16. **WHAT ABOUT BAD WEATHER?**

Please note that Mossel Bay, with at least 300 sunny days per year, has officially the second best weather in the world. Do not compare George's weather with ours. George is wet and cold. Of the past more than 400 functions, we cancelled only two due to stormy weather. The restaurant is designed in such a manner that can be in operation without discomfort even in the case of light rain and strong winds. All guests are seated under roof and the whole restaurant can be closed off in a matter of minutes in case of bad weather. However, we rarely cancel – that decision lies solely with the guests. Also note that should you NOT want the ceremony on the beach itself, we can easily move the ceremony to inside the restaurant, should the weather not let up.

17. WHAT ABOUT DRINKS AND COOL DRINKS?

We do have a **well-stocked Cash Bar**, including a wide range of cocktails and shooters – at very reasonable prices. No liquor, water or cool drinks may be brought into the restaurant if the venue is hired exclusively. A corkage fee of R20 per bottle will be applicable on wine and cap classique brought into the restaurant for weddings and functions, and R5 for water/cool drink bottles.

Should there be any specific tastes and requirements, please inform us at least a week beforehand. You may run a "tab" at the bar but it must be paid before leaving that night. Or you may make the ruling that only beer and wine may be on the tab, but that guests pay everything else themselves. No individual tabs are allowed.

Debit/Credit card facilities are available at the bar and we also take cash.
Bar prices are subject to normal increases.

18. MAY WE ALSO HAVE THE WEDDDING CEREMONY AT THE RESTAURANT?

By all means. We have three different locations to seal your love:

1. CEREMONY ON THE BEACH:
(There is a wooden staircase leading right to the beach.)

Gazebo with white voile over the gazebo
Seashell decor
Bamboo preacher's podium
Benches
Sound and music on the beach
Register table and 2 chairs
Upper deck, yellowwood bar **R 5 000.00**

*(Until the end of November 2018. December 2018-November 2019 it will be **R 5 500.00**, where after a yearly increase of 8% shall be applicable)*

2. OUR UPPER WEDDING DECK-VENUE
(Stunning views and with steps to the beach)

Permanent Gazebo
Bamboo podium
Benches or white plastic chairs
Sound and music system
Register table and 2 chairs **R 2 200.00**

*(Until the end of November 2018. December 2018-November 2019 it will be **R 2 500.00**, where after a yearly increase of 8% shall be applicable)*

3. OUR WEDDING DECK IN THE RESTAURANT
This is Plan B if the weather does not play along – if has happened only once in over two hundred weddings.

19. ANY ACCOMMODATION CLOSE BY?

De Vette Mossel has negotiated special discounts for our wedding guests with our accommodation partners. Please contact Nikki for more information.
We have also, and are constantly doing so, compiled a list of relevant service suppliers, such as wedding planners, event managers, florists, decor suppliers, violists, etc. for your benefit and comfort.

Although we take no responsibility for their services and products, we have hand-picked them as we believe they are fair and deliver an excellent service.